

God draai ons na Hom om Hom in gebed aan te roep

ds. PJ Kriel

17.05.2020

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen 'n gebed tot God en 'n gebed tot 'n afgod. 'n Gebed tot God is wanneer ons God in sy verbondstrou aanroep wie God met ons is en ons sy kinders met hom maak. 'n Gebed tot 'n afgod is om net met jou eie goddelikheid binne in jouself te identifiseer. Hierdie gebed tot 'n god binne in ons, is niks anders nie as om jou van God weg te keer, en jou in jouself en jou innerlike in te keer om daar die god te vind wie jy wil hê, omdat jy nie met God wie God is, wil saamleef nie. God luister nie na hierdie selfgesprekke wat as gebed voorgehou word nie. Meditasie is nie gebed nie. Om die Jesus binne jou wie jy koning van jou lewe op die troon van jou gemaak het te bid, is hoe jy jou in jou eie goddelikheid inkeer om jouself weg van God te keer. Gelowiges roep Jesus wie Christus en Here in die hemel aan die regterhand van God die Vader is in gebed aan. Hulle keer hulle nie in hul eie innighede met die god in hulleself in nie.

Skriflesing Jeremia 2: 26 – 28, 3: 17, 19; 4: 1; 31: 18, 31 – 34; Handeling 2: 32, 33, 36.

Teks Jeremia 3: 19 “Ek het gesê: hoe graag wil ek jou 'n seun van My maak en jou 'n lieflike land gee, 'n besittings liefliker as enigiets wat enige nasie het. Ek het gesê noem My “Vader”, en moet nooit weer van My af wegdraai nie.”

Tema God draai ons na Hom om Hom in gebed aan te roep

1. Bid ons tot God die Skepper wie met ons is of bid ons tot die god wie binne in ons is?

Dit is die saak wat God aan Israel stel in Jeremia 2: 27: “Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê: “My Vader” en vir 'n klip: “U het my in die wêreld gebring.”

Dit gaan in hierdie verse oor gebed. Die Jode is besig om te bid en die gebed te begin met die woorde: “My Vader.” Dit is 'n innige gebed van 'n kind tot God sy vader. Dit is 'n gebed waarin hierdie god as skepper erken word met die geloofsbelydenis dat hierdie god het my gemaak. Hier het ons dus 'n innige, vertroulike, eerbiedige en gelowige aanroep van God. Dit is presies wat gebed is en moet wees.

Wat is fout?

Die Here verwerp hierdie innige, vertroulike, eerbiedige en gelowige gebed met die woorde: “Na my toe het hulle hulle die rug gedraai in plaas van hulle gesig. (Jer. 2:27) Hulle het dit letterlik gedoen. Hulle het afgode van hout en klip gemaak en in gebed met hulle gesig na hierdie afgode gedraai wat beteken het hulle het letterlik hul rug gedraai op God wie met hulle is.

God draai ons na Hom om Hom in gebed aan te roep

Om hulle rug op God te draai beteken hulle hulself in minagting, ongeloof, kilheid en wantroue van God weggekeer – in gebed. Gebed het hulle wapen geword om God te verwerp vir die afgod wat hulle in sy plek gestel het.

2. Hulle het in gebed van God met hulle weggedraai na die god in hulle! Dit het ons verlede week gesien. Afgode is altyd gode binne in ons in die plek van God wie God met ons is.

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig!

Dit gaan oor 'n kleindogtertjie wie saam met haar ma leef, maar wanneer haar ma vir haar sê wat om te doen of nie vir haar haar sin gee nie, dan vat hierdie dogtertjie 'n pop en gaan na 'n alleen plekkie een kant toe waar sy dan met haar pop praat.

Innig en vertroulik, eerbiedig en gelowig met 'n pop! Dit is die houding waarmee sy met hierdie poppraatjie besig is. Hoekom? Om haar self weg te keer van haar ma in minagting, wantroue, kilheid en ongeloof – innig met 'n pop omdat jy nie hierdie ma wil vertrou, mee gemeenskap wil hê en wil eerbiedig nie.

Het u al geluister na sulke poppraatjies wie praat nou regtig met wie? Wie is die pop en wie is die dogtertjie? Dit is baie interessant dat in hierdie poppraatjies is die dogtertjie die ma en sy is die pop! Sy praat met die pop soos sy wil hê die ma met haar moet praat, maar sy is nie die ma nie en die pop is nie sy nie!

So! Nou wie praat nou regtig met wie? Eintlik sit sy net en praat met haarself om met hierdie poppraatjie haar in minagting van haar ma weg te keer in haar eie eenkant, stil, selfingekeerde verinnerliking. Sy keer haar met poppraatjies weg van haar ma in haar self in!

Binne in haarself hoor sy die ma wie sy wil hoor en praat sy met die ma wie sy wil hê, in die plek van hierdie een by haar wie sy nie wil hoor of mee wil praat nie.

3. Dit is wat die Here aan die Jode openbaar. Hulle gebede is poppraatjies! “Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê: “My Vader” en vir 'n klip: “U het my in die wêreld gebring.”

Hulle bid hulle self weg van God wie met hulle is, deur te bid tot die afgod wie binne in hulle is. In afgodsdienste is gebed poppraatjies!

Ons het dit al genoem dat afgode is nie klip – en houtbeeldjies nie. Afgode word nie in hout en klip gemaak nie. Wanneer ons na hierdie hout en klip beeldjies vandag kyk, sien ons dit as kunswerke uit die verlede. Want dit regtig al wat dit is. Afgode word in mense se harte en verstand gemaak om gode binne in hul lewe te wees in die plek van God, wie Skepper met hulle as mense in sy skepping is.

God draai ons na Hom om Hom in gebed aan te roep

Dit is wat in hierdie gebed van hierdie Jood gebeur waarin hy die god binne in hom aanroep as “My Vader wie my gemaak het.” Die woorde is reg, die innigheid is reg, die vertroue is reg, die eerbied is reg en die geloof is reg – maar alles is verkeerd. Want dit is juis ’n innige vertroulike en eerbiedige gebed waarin die mens hom wegkeer van God sy Skepper tot die god wie die mens opmaak in sy hart en verstand, en wie net binne in mense leef.

Poppraatjies om van God self weg te kom in jou eie stil en eenkant hoekie!

4. Vir die Jode was hierdie stil een kant hoekie met hul afgode in die skaduwee van groot bome of op die top van heuwel eenkant ver weg. Die Here spreek dit deur Jeremia só aan: “Sy het op elke hoë berg en onder elke groen boom gaan ontug pleeg, (Jer. 3: 6). Hierdie een kant gebede met hierdie god in hulle selfingekeerdheid spreek die Here aan as: “Hoor hoe smeeke en huil die Israeliete op die heuweltoppe want hulle het die verkeerde pad geloop, hulle het die Here God vergeet.” (Jer. 3: 21) Hulle gebede tot God is hoe hulle God vergeet, nes ’n dogtertjie met haar poppraatjies probeer om haar ma te vergeet.

God luister nie na sulke gebede nie. Daarom stel die Here in Jer. 14: 12 “Wanneer hulle vas, sal ek nie na hulle gesmeek luister nie.” Vas was ’n manier waarop die Jode tyd gemaak het net om in gebed te wees. De Here verklaar dat Hy as God nie luister na hierdie smeekgebede in hulle vastyd nie.

Hoe kan dit wees dat God nie na gebede luister nie?

Dit is soos in ons voorbeeld! Luister ’n ma na die poppraatjies van haar dogtertjie en antwoord die ma haar dogtertjie se poppraatjies? Glad nie! Wanneer ’n ma nie na hierdie poppraatjies luister of daarop antwoord of reageer nie, dan is dit nie die ma wat haar kind se versoek of gesprek met haar ignoreer nie. Sy laat nie toe dat haar dogtertjie met haar praat asof sy ’n pop is wat na poppraatjies moet luister nie.

Dit is juis die teendeel. God wil in gebed aangeroep word en luister wanneer Hy as God in gebed aangeroep word. Daarom stel die Here deur Jeremia in presies dieselfde hoofstuk die Here se woorde só: “Ek het gesê: Hoe graag wil Ek jou ’n seun van My maak en aan jou ’n lieflike land gee, ’n besitting wat liefliker is as enigiets wat enige nasie het. Ek het gesê: “Noem My Vader”, en moet nooit weer van My af weg draai nie.” (Jer. 3: 19)

’n Ma luister nie na haar dogter se poppraatjies nie want sy wil dat haar dogter met haar sal kom praat, nie eenkant met haar pop asof sy die ma is en vir haarself sê wat sy graag wil hê die ma moet vir haar sê, en sal luister na wat sy vir haar ma sê om te doen nie. Sy wil as ma luister en doen en sê wat sy as ma self vir haar dogter sal besluit.

God draai ons na Hom om Hom in gebed aan te roep

5. Hoe moet die kontras tussen hierdie verse sien! Eers sê die Here dat wanneer hulle 'n gebed doen en in die gebed sê: "U is my vader dit is u wat my gemaak het", dan verwerp die Here dit as die wyse waarop hulle hul rug op Hom draai. (Jer. 3: 4) Direk daarna in dieselfde hoofstuk verklaar God dan: "Ek wil jou my seun maak en jy moet My Vader noem." (Jer. 3: 19)

Dit is in woorde presies dieselfde gebed! Dit is 'n mens wat God in sy gebed sy vader noem. Nou wat dan is die verskil dat wanneer jy dit op een wyse doen, dan verklaar die Here dit as 'n wegkeer van Hom in minagting, wantroue, liefdeloosheid en ongeloof is, maar dat om Hom Vader te noem in gebed is werklike eerbied, liefde, vertroue en geloof in God?

Wanneer is gebed 'n wegkeer van God en wanneer is dit 'n toekeer tot God?

En die verskil gaan oor of jy God wat met jou is in gebed as Vader aanroep of die god wat jy binne in jou glo as vader aanroep!

Wanneer jy God met jou as Vader aanroep, dan is dit die toekeer tot God waarna Hy luister. Wanneer jy die god wat binne in jou is aanroep, dan keer jy jou rug op God wie met jou is in minagting, en Hy luister nie na hierdie gebed nie.

Dit is mos eenvoudig! 'n Ma luister na haar dogtertjie wat na haar kom en met haar praat. Sy luister nie na haar dogtertjie se poppraatjies nie.

6. Wat die verskil maak tussen gebed en poppraatjies met 'n afgod is – na wie jy jou draai!

Jeremia stel hierdie draai na die regte God toe op 'n besondere wyse aan die orde. In Jeremia 4 vers 1 stel hy: "As jy jou wil bekeer, Israel, moet jy jou tot My bekeer, sê die Here. As jy jou afskuwelike afgode voor my wegvat, moet jy nie meer dwaal nie.

Die verskil tussen gebede wat God aanhoor en gebede wat God nie na luister nie, gaan oor tot wie bid jy. Nie op watter tyd, met watter liggaamshouding, met watter woorde of selfs met watter innerlike gesindheid nie. Baie van Dawid se gebede in die Psalmboek is met wanhoop, verbitterheid, vrees, onsekerheid, angste en selfs met beskuldigings en aanklagte teen God soos Psalm 22: "My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver weg as ek om hulp roep? My God, ek roep bedags en U antwoord my nie; ook snags, maar ek kry geen rus nie."

Wat die verskil maak tussen gebed en poppraatjies is na wie jy jou draai, toekeer!

Daarom stel die Here dat wanneer jy bid, jy jou tot Hom moet toekeer! Dit is dan ook die besondere gebed wat in Jeremia 31: 18: "Bring my terug na u toe dat ek my kan

God draai ons na Hom om Hom in gebed aan te roep

bekeer, want u is die Here my God.” Die Hebreeus stel dit só: “Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die Here my God.” (1953 vertaling) Hierdie is ’n baie spesifieke gebed met ’n baie spesifieke bedoeling. Daarom is dit ook die laaste vers van die boek Klaagliedere van Jeremia in 5: 21: “Bekeer ons tot U, Here dan sal ons ons bekeer.”

Dit beteken draai u my dan sal ek my tot u keer.

7. Ons kan dit weer met ons voorbeeld toelig!

Die ma gaan na die kamer waar haar dogtertjie haar self in weggekeer het en haar binne haar pop mee ingekeer het in haar self, vat haar dogtertjie se hand en vat haar weer met haar kombuis toe.

Sy vat haar weg van haar pop en bring haar weer na haar as ma toe, en dan gebeur dit! Wanneer die ma dit doen, dan begin die dogtertjie weer met haar ma praat. Dan stel sy weer haar vertrouwe, haar liefde en eerbied in haar ma, nie in haar self met haar poppraatjies nie.

Dit is wat hierdie gebed beteken: “Bekeer ons tot U, Here, dan sal ons ons bekeer! Draai ons weer na u toe dat ons ons tot u kan toekeer.” Daar is net een persoon wat ’n dogtertjie van haar pop kan wegvat en weer kan draai om met haar te wees – dit is die ma!

Hierdie selfingekeerde dogtertjie met haar pop, kan dit nie vir en met haarself doen nie. Daarom is die opdrag en gebed in Jeremia: Draai my weer na u toe dat ek my weer na U kan toekeer. Draai my na U toe dat ek tot U en nie die afgod binne in my sal bid nie.

8. Hierdie daad van God waarin die Here ons na Hom toe draai word in Jeremia die verbond van God genoem. Net na die gebed “draai my na U toe sodat ek my na U kan toekeer stel die Here sy verbond só: “Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hul gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. ’n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: “Jy moet die Here dien” nie, want hulle almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie.” (Jer. 31: 33, 34)

Die wyse waarop God na ons kom, ons aan die hand vat en na Hom toe vat om saam met Hom te wees, is sy verbond.

Dit is wat Petrus oor Jesus Christus aankondig in sy Pinksterpreek in Handeling 2: 33: “God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; ... Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, ontvang en

God draai ons na Hom om Hom in gebed aan te roep

uitgestort.” Jesus is vir ons die Christus wat vir ons sondes ly, gekruisig is en gesterf het. Hy is vandag só God aan die regterhand van die Vader. Hy maak vir ons God se verbond met ons waar deur wie Hy vir ons aan die regterhand van die God die Vader is.

Dit is hoe God ons na Hom toe draai! Deur Jesus die gekruisigde Christus wat vir ons sondes instaan by God die Vader self. Dit is wat Jeremia in 3: 17 aankondig “In daardie tyd sal hulle Jerusalem noem: “die troon van die Here.”

Hoe God ons hand vat en na Hom draai om saam met Hom as God met ons te wees, is deur Jesus wat vir ons deur sy kruisiging Christus en Here is. Hy maak God se verbond vir ons waar.

9. Dit is die besondere betekenis van die oproep van Petrus in Handeling 2: 38: “Toe antwoord Petrus hulle: “Bekeer julle en laat elkeen gedoop word in die Naam van Jesus.”

Hoe ons ons tot God bekeer wat ons na Hom toe gedraai het in Jesus Christus, is deur Jesus te vertrou as Christus en Here! Om Jesus as die Christus wie vir ons gekruisig is, en Here wat sy verbond met ons waarmaak om God met ons te wees, te vertrou, is hoe ons ons tot God keer omdat Hy ons na Hom gekeer het.

In ons vertroue in Jesus as Christus en Here word die gebed vervul: Bekeer ons na U, sodat ons ons kan bekeer. Draai ons na U en U verbond wat vir ons waar is sodat ons met u kan leef en ons na U kan toekeer.

Wie Jesus as Christus en Here vertrou, het tot God gedraai en in hierdie geloof in Christus, noem ons God die Vader ons Vader soos die Here ons sel leer hoe om te bid.

Ek het dit vir u verlede jaar gewys. Wanneer ons God die Vader aanroep as “Ons Vader”, verwys die woord “ons” “allereers na “ek en Christus”. Ons bid deur God die Vader in Christus as “ons Vader” aan te roep. Dit is hoe ons tot God bid wie God met ons is! Ons noem God die Vader van Christus ons Vader omdat ons glo ons is ingesluit in wie Christus vir ons in sy kruisiging en opstanding is.

Ons gebed is altyd ’n toekeer tot God in sy verbondstrou wat vir ons waar is, in en deur Jesus Christus.

10. Wanneer is die “my Vader” wie ek in gebed aanroep ’n afgod?

Dit is weer baie eenvoudig! Dit is wanneer ek die god binne in my aanroep as “my Vader”. En dit is nie sommer net sleg sê van ander mense se gebede nie. Dit is hoe

God draai ons na Hom om Hom in gebed aan te roep

mense werklik van Jesus 'n afgod maak binne in hulle en met hierdie pop wat hulle Jesus noem, binne in hulle praat.

U ken dit! Ek wys dit byherhaling vir u van tyd tot tyd uit!

Christus het Homself Christus en Here gemaak aan die regterhand van God die Vader wat Christus vir ons in sy gebed leer as “wat in die hemel is”. Ons moet ons altyd toekeer tot God wat God in die hemel is, God in Homself is, uit Homself is en deur Homself is, wie is wie Hy is. So keer ons ons tot God!

Wat leer die predikante, pastore en priesters van hierdie wêreld ons? Hulle leer ons jy moet Jesus koning van jou lewe maak deur hom op die troon van jou hart te sit. Jy moet Jesus God laat wees deur Hom in jou lewe in te nooi sodat Hy binne jou en my jou lewe en krag God in die wêreld kan wees. In kort – jy moet Jesus God binne in jou maak! Jy moet hom nie as Christus en Here aan die Vader se regterhand vertrou en nader nie. Jy moet met Jesus binne in jouself identifiseer en jouself ervaar as Jesus wie binne in jou leef.

En hierdie Jesus wie jy God binne in jou maak, is nie Jesus Christus nie, want Hy het Homself Christus en Here gemaak aan die regterhand van sy Vader in die hemel. God alles vir alles! Nie 'n god in jou lewe vir jou, met wie jy jouself identifiseer nie.

11. Hoe bid jy tot hierdie Jesus wie jy 'n god maak, met wie se goddelikheid jy binne in jouself identifiseer?

Jy bid tot hierdie Jesus wie se goddelike krag, mag, wil, lewe en naam jou eie krag, mag, wil en jou eie naam is. Om te bid tot hierdie goddelike krag, mag en naam binne in jou, is jy besig om jou in jouself in te keer. Só is jy besig in gebed met jouself, in jou gees, jou eie innerlike en jou eie menslike dieptes asof jy daar stil en besig is met God. Besig met die god wie jy in jou koning maak en laat leef. Vind jy in jouself die god met wie se goddelikheid jy jouself identifiseer. Vind jy jou eie goddelike identifikasie. Die manier om met hierdie god te praat, is om jou in jouself en jou eie innerlike goddelikheid in te keer.

Daar praat en jou hoor jy die god wat jy koning van jou lewe gemaak het, in jou lewe in genooi het en in jou laat leef! Daar praat jy met die pop wie jy Jesus noem! En hierdie poppraatjie met Jesus binne in jou is niks anders as 'n selfpraatjie – om as Jesus en soos Jesus met jouself te praat, omdat jy jou nie tot die Here Jesus wie Christus is aan die regterhand van die Vader wil toekeer nie.

Selfingekeerd in jou innerlike, praat jy met die god binne jou lewe – Jesus binne in jou wie jou deel van god se goddelikheid maak ! En op hierdie manier keer jy jou rug

God draai ons na Hom om Hom in gebed aan te roep

op Jesus aan die regterhand van God die Vader in die hemel! Met en in jou innige, vertroulike, eerbiedige gepraat met jouself!

Dit is mos in effek niks ander nie as om vir hout te sê: “U is my Vader” en vir klip: “U het my in die wêreld gebring”, as om met jou eie goddelike gees binne in jou te praat wie jy Jesus noem nie!

12. Daarom is predikante, pastore en priesters vandag besig om gelowiges te probeer leer om te mediteer. Volgens hulle self is mediteer eintlik iets anders as om Jesus as Christus en Here aan die regterhand van die Vader in die hemel aan te roep!

Mediteer is om jouself in jou eie innerlike in te keer om in jouself eie goddelike gees, God te vind en met hierdie goddelike gees in jou een te wees.

Daarom word hulle al meer en meer eintlik geestelike terapeute wat jou met geestelike prosesse en fases van selfverinnerliking in jou eie gees inkeer om daar stil en een kant met die god binne in jou te wees.

Wil u tot God wie God met ons in sy skepping in liefde met ons bid, Jesus aanroep wie Christus en here aan die regterhand van die Vader is, of wil u poppraatjies met u eie gees hou?

Die een is nie maar so goed soos die ander nie! God luister nie na geestelike poppraatjies van mense nie, net soos 'n ma nie na haar dogtertjie se poppraatjies luister nie. Want geestelike poppraatjies is hoe ons ons van god weg keer, ons rug op Hom draai en met onself praat in ons minagting, wantroue en kilheid teenoor wie ons weet Hy as God is, en ons Hom nie so wil ken, vertrou en met Hom wil leef nie.

God kom vat ons elke dag in Christus en draai ons na Hom toe om met Hom as ons Here te leef. Daarom roep ons Hom as Here aan die regterhand van God die Vader in die hemel aan!

13. Kyk 'n bietjie wat het die Israeliete gemaak wanneer God hulle hul in hul een kant hoekie besig met hul poppraatjies aan die hand kom vat het om met hom in sy verbondstrou te leef: “Maar soos 'n vrou wat ontrou is aan haar man, so was Israel, ontrou aan My sê die here. Hoor hoe smeek en huil die Israeliete op die heuweltoppe, wat hulle het die verkeerde pad geloop, hulle het die Here hulle God vergeet. Kom terug, kinders wat afgedwaal het, Ek wil 'n einde maak aan julle afdwaling.”

Hulle maak soos dogtertjies baie maak. Wanneer hul ma kom, aan die hand vat en kombuis toe vat om met haar te wees, dan draai hulle net daar weer om en gaan sit

God draai ons na Hom om Hom in gebed aan te roep

weer een kant alleen met hul poppraatjies omdat hulle nie met hul ma wil wees nie, maar self die ma wil wees wat met haar pop praat!

God gaan homself nooit in hierdie poppraatjies laat intrek nie. Hy maak 'n einde aan hierdie gebede wie Hom minag en waardeur mense op Hom hul reg draai.

Kom ons verwerp die geestelike gebedsregisseurs van hierdie wêreld wat ons in onself wil inkeer om met onself te praat asof ons in ons eie gees goddelike is, Jesus binne in ons het. Kom ons draai ons gesig na God in gebed! Kom ons keer ons tot Jesus wie Christus en Here aan die regterhand van God die Vader in die hemel is, en roep die Vader in die hemel aan as "Ons Vader", ons en Christus se Vader. Kom ons vat God se hand en gaan leef saam met Hom in sy verbondsliefde en trou.